# HOOFSTUK 2

## LITERATUUROORSIG

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan die taak van die sekondêre skool in soverre dit betrekking het op hierdie ondersoek. In die eerste plek is die sekondêre skool verantwoordelik vir die oordrag van kultuur, waarvan kennis 'n belangrike aspek is. Die kennis wat oorgedra moet word, is georden in vakke wat in die kurrikulum van sekondêre skool opgeneem word. Die kurrikulum moet dus aandag geniet. Die beste manier om kennisoordrag volgens die uiteenlopende potensialiteite van die leerlinge te verskaf, is gedifferensieerde onderwys - wat die volgende punt van bespreking sal wees. Uit 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys spruit vakkeuse voort en die rol wat dit in die sekondêre skool speel. Ten slotte word die aandag gevestig op vroeëre ondersoekers se bevindings betreffende faktore wat vakkeuse beïnvloed.

### 2.2. RELEVANTE ASPEKTE VAN DIE OPVOEDING AAN DIE SEKONDÊRE SKOOL

Die opvoeding aan die sekondêre skool gaan nie in sy geheel bespreek word nie, dog slegs daardie aspekte van die opvoeding wat by hierdie ondersoek ter sake is.

„Opvoeding is die wyse waarlangs die kind gebring word tot vervulling van sy aardse roeping waarlangs sy hemelse burgerskap bevestig word."[1] Die mens is geskape as 'n beelddraer van God, iemand in hierdie beeld moet groei en ontwikkel en hiervoor het hy die hulp van sy ouers en ander volwassenes nodig om hom daartoe te lei. Hierdie opvoeding is moontlik, want die kind is deur God toegerus met gawes wat hom in staat stel om opgevoed te word. Hy besit verstand, kan redeneer en dink, kan voel en belewe en kan strewe en heers.[2]

---

1. Schutte, B.C. Christelike opvoeding in Inleiding tot die tersiêre didaktiek, p.96.
2. Loc. cit.

Langs die weg van groei en 'n doelbewuste en doelgerigte vormings- en ontwikkelingsgang word die onvolwassene bevoeg gemaak vir - word hy opgevoed tot - gesonde doeltreffende inpassing in sy lewensmilieu. Hierdie individuele groei, vorming en ontwikkeling vind plaas in en deur middel van die invloed van sy omgewing, maar veral deur middel van die waardevolle kultuurgoed wat sy lewe tot georganiseerde, stabiele, maar tog met groeikragbesielde eenheid ontwikkel, hom daardeur vatbaar maak vir die invloed van waardevolle geestesgoedere en hom bekwaam maak om te waardeer en self waardevolle kultuurproduk voort te bring.[1]

„Ons sien die opvoedingsdaad as gehoorsaamheid van die geroepene om 'n taak te doen tot eer van sy Roeper, nie om slegs onvolwassenes tot volwassenes te vorm nie, maar om hulle so te vorm dat hulle tot alle goeie werk volkome toegerus is."[2]

In die proses van volwassewording van die kind is daar sekere algemene faktore nl. mense, diere, dinge, die hele natuur en kultuur wat bydra tot die grootwording van die mens, tot sy volwaardige wording tot volwassene.[3] In die algemeen kan opvoeding dus gesien word as „'n Opsetlike, bewuste, planmatige, doelbewuste en doelnastrewende werksaamheid, handeling of daad wat die vorming van die onvolwasse mens as mens op die oog het om hom daardeur uit 'n toestand van kinderlikheid oor en op te lei na 'n toestand van volwassenheid."[4] In hierdie proses is die onvolwassene nie passief nie, hy speel 'n aktiewe rol en leer deur die onderrig wat aan hom gegee word.

---

1. Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p. 87.
2. Schutte, B.C. Op. cit., p. 95.
3. Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 80.
4. Ibid., p. 86.

Dit is egter nie ons doel om opvoeding hier in die algemeen te bespreek nie, maar in die besonder wat dit aan die sekondêre skool behels.

Vir die gelukkige bestaan en voortbestaan van die sekondêre leerling, is dit noodsaaklik dat hy aan die eise wat die skool aan hom stel, moet kan voldoen. Om hierin te slaag is egter geen passiewe gebeure nie, maar 'n aktiewe daad en hiervoor is daar twee persone nodig „die een wat opgevoed word en die een wat opvoed, die meer volwassene, die een wat geroep is om te ontvang en die ander wat geroep is om te gee, die hulpbehoewende en die hulpgewende".[1] Hierdie opvoeding geskied nie meganies nie, dit is 'n bewuste handeling. Die opvoeder gee bewustelik, maar soms ook by wyse van roetine. Hy gee dus nooit passief nie; hy weet daar het krag van hom uitgegaan. Net so ontvang die opvoedeling nie passief nie, hy aanvaar van die een maar verwerp van die ander, hy is nie 'n leë blik wat volgegooi word nie.

'n Aspek van die opvoeding wat ewewigtig saam met die ander aandag moet geniet, is die logiese. 'n Opgevoede persoon word van die vroegste dae af beskou as iemand wat grondige kennis besit en wie se verstand goed gevorm is. Ouers en onderwysers neem so geredelik aan dat opvoeding kennis moet verskaf en die verstand vorm. Vir die onderwyser is dit betreklik maklik om kennis aan te bied en die verstand te vorm en daarom bestaan daar altyd die gevaar dat dit oorbeklemtoon word tot nadeel van die algemene ewewigtige vorming, ontwikkeling en toerusting van die kind. Dat kennis primêr is, sal en kan niemand betwyfel nie, maar tog is dit nie die enigste en hoogste waarde nie, want kennis sonder liefde en diens kan niks beteken nie.[2]

---

1. Schutte, B.C. Op. cit., p. 97.
2. Coetzee, J.C. Op. cit., p. 93.

Net so kan liefde en diens nie sonder kennis bestaan nie. Hierdie posisie kan gevaarlik wees, want die heiden het ook lief en kan ook dien, maar hy het geen kennis van God nie.[1] Die logiese doel van die opvoeding is om die onvolwassene „wat toebedeel is met verstand, die vermoë om te dink, kennis te verwerf, wetenskap te vorm en toe te pas, so te lei dat hy voortreflike diens kan lewer, volgens Gods bevel oor die natuur kan heers, en natuur tot kultuur kan omvorm."[2] Kennis is nodig om die natuur op verantwoordelike wyse te ontgin, maar dit is ook nodig vir die beoefening van 'n beroep, sodat die mens selfstandig kan wees en hy hom kan handhaaf. Ook is kennis nodig by die oplos van probleme waarmee die mens daagliks gekonfronteer word.[3]

Die kennis van die mens het gedurende die laaste dekades met rasse skrede toegeneem. Gepaardgaande hiermee moes die aantal vakke op die sekondêre skool aanmerklik uitgebrei word en om hierdie situasie die hoof te bied, het baie lande 'n uitweg gevind in gedifferensieerde onderwys. Dit het op sy beurt weer meegebring dat die vakkeuse heroriënteer moes word en verskillende nuwe kursusse ingestel moes word.[4]

Soos uit die voorafgaande blyk, is 'n belangrike taak van die sekondêre skool, in so verre dit hierdie ondersoek betref, die oordrag van kultuur en leiding tot die verowering van die kultuur, waarvan kennis een van die belangrikste aspekte is. Die omvang van die menslike kennis het te veel vir die individuele leerling geword, vandaar gedifferensieerde onderwys, wat die moontlikheid van vakkeuse insluit. Dit is daarom die verantwoordelikheid van die

---

1. Ibid.
2. Preller, S.J. Doel van die tersiêre opvoeding, <u>in</u> Inleiding tot die tersiêre didaktiek, p.109; vergelyk paragraaf 2.2.2.
3. Preller, S.J. Op. cit., p.110.
4. Clark, L.H. e.a. The American secondary school curriculum, pp. 94-95.

sekondêre skool om leiding te gee aan die leerling om op verantwoordelike wyse 'n seleksie te maak van vakke wat aan sy behoeftes, vermoëns, belangstellings en intelligensie voldoen.[1]

## 2.2.1 KULTUUROORDRAG

Kultuuroordrag kan nie plaasvind as dit nie deur die persoon aan wie dit oorgedra word, aanvaar word nie. Dit is dus noodsaaklik dat daar telkens verwys moet word na kultuuroordrag en kultuurverwerwing. Op hierdie stadium is dit dus nodig dat die term kultuur eers omskryf word.

„Our culture is the way we eat and sleep, the way we wash and dress and go to work ..... By a particular culture we mean the total shared way of life of a given people, comprising their modes of thinking, acting and feeling, which are expressed, for instance, in religion, law, language, art and custom, as well as in material products such as houses, clothes and tools".[2] Kultuur is nie slegs 'n aantal onderdele nie, maar 'n geheel wat meer is as die dele waaruit dit bestaan. Kultuur is nie status nie en die manier waarop die dele bymekaar inpas, maak dit 'n dinamiese geheel.[3]

„Cultuur is dus iets dat steeds in beweging is, telkens opnieuw ontstaat, hetzij door men reeds bestaande vormen telkens opnieuw actualiseert, in zeden, gewoonten en gebruiken, hetzij doordat men nieuwe vormen schept."[4] Deelname aan die kultuur is dus in die eerste plek om aktief besig te wees in die skepping en voortbringing van kultuur.

---

1. Hill, J.S. 'n Ondersoek na die omvang van die invloed uitegoefen deur invloedspersone op die vakkeuse van hoërskoolleerlinge met spesiale verwysing na Latyn, p.12.
2. Kneller, G.F. Educational anthropology: An introduction, p. 4.
3. Kneller, G.F. Op. cit., p.5.
4. Nieuwenhuis, H. Algemene inleiding grondslagen en grondbegrippen van vernieuwing in het onderwys, p. 80.

Die kind groei spelenderwys op in die kultuur van die volwassene wat raad gee, verbied, aanmoedig en waarsku na gelang van omstandighede. Daar kom egter 'n oorgangstadium wanneer die taak van die onderwys begin nl. „inleiden en inwijden van de opgroeiende genératie in de geestelijke cultuur, d.i. in de godsdienstige en metafysische opvattingen van de sameleving waartoe zij behoort."[1]

Hoe meer die terrein van die geestelike kultuur uitbrei hoe noodsaakliker word dit om te differensieer ten opsigte van die beoefening van die kunste en wetenskappe. Vanweë die noodwendige spesialisasie moet leerlinge kultuurgebiede kies, wat tot gevolg het dat die skool toenemend voorsiening moet maak vir die uitbreiding van die kurrikulum.[2]

Die voorbereiding vir die moderne, vinnig, veranderende samelewing stel besondere eise aan die opvoeding en onderwys, feitlik daagliks kom die opvoedende onderwys voor nuwe probleme te staan, waarvoor 'n oplossing gevind moet word. Die ouer is en bly steeds die oorspronklike en primêre oordraer van kultuur, maar met die geweldige uitbreiding en ontwikkeling van die beskawing en die uitbouing van kultuur op geestelike, intellektuele en materiële gebied, kan die ouer nie bybly nie. Die kultuurgoedere van volke en nasies het te gespesialiseerd geword en in toenemende mate moet die samelewing, via die onderwys, die oordrag van kultuur oorneem.[3]

Die geskiedenis van die ontstaan van die skoolwese illustreer treffend hoe die samelewing die oordrag van kultuur algaande aan die skool as georganiseerde instelling toevertrou het.

---

1. Ibid., p. 90
2. Ibid.
3. Ibid., pp. 89-102.

### 2.2.2 KENNISOORDRAG

Omdat die leerling in baie opsigte nog onvolwasse is, is hy nog nie kultuurbewus nie. Die stelling kan dus gemaak word dat 'n opvoedingsideaal van die sekondêre skool moet wees om die kind kultuurbewus te maak. Vir die onvolwassene is kennis 'n belangrike kultuuraspek. 'n Belangrike taak van die sekondêre skool is dus kennisoordraging deur die onderwyser aan die een kant en kennisverowering, as die plig van die kind, aan die anderkant. Omdat die kind onvolwasse is, is hy nie altyd daartoe in staat om hierdie plig te aanvaar en uit te voer nie. Die oordraging van kennis aan die onvolwassene konfronteer die opvoeder met twee belangrike vrae, nl: is die opvoedeling bereid om die kennis te verower en is dit vir hom moontlik om die kennis te verower.[1]

Die meerderheid ouers stuur hulle kinders na die sekondêre skool met die verwagting dat die skool meer as kennis aan hulle sal oordra. „In our concentration on academic performance we lose sight of our main business of educating human personality. We engage ourselves strenuously in the certification of plumbers, but give scant thought to developing men and women of moral character."[2]

Niemand kan en sal ontken dat kennis 'n onmisbare deel van die opgevoede persoon vorm nie. Teen die oordrywing van kennis en verstand moet gewaak word, maar tog moet dit ook nie onderskat word nie, want dit is 'n unieke gawe van God aan die mens. Geen ander aardse wese is dermate deur die Skepper begiftig met rede en verstand nie. Die verwerwing en aanwending van kennis is dus belangrik, en ware kennis is alleen dié kennis wat aktief deur die kind verwerf, aangeleer en ont-

---

1. Barkhuizen, B.P. 'n Psigologiese-pedagogiese studie van enkele aspekte van menslike gedrag op die pad met spesiale verwysing na die padveiligheidsprobleem, p. 83.
2. Hutchinson, M. & Young, C. Educating the intelligent, p. 37.

wikkel word, deur sy eie inisiatief.[1] Dit is om hierdie rede dat die ware opvoeder soveel klem op die denke lê, want die bes gevormde verstand is immers die verstand wat die relasies in die lewe kan vat en wat al sy inferensies uit sy kennis toets in die lig van lewenservaring.[2]

Soos uit voorgaande blyk is die taak van die sekondêre skool, wat kennis aanbetref, om gunstige, planmatige, doelgerigte geleenthede te skep vir aktiewe verwerwing deur die leerling van veral dit wat die gemeenskap as nodig beskou. Die leerling moet gemotiveer word om te leer, maar die taak is nie beperk tot 'n pragmatiese najaag van nuttige kennis nie. Kennis is wel die fondament waarop die beskawing gebou word, maar tog ook nie die enigste grondslag van die beskawing nie.[3] Kennis moet ook lei tot die vrese van die Here en tot roepingsvervulling - tot diens aan die naaste en diens aan God. Die mens van God is immers belangriker as die kennis wat hy opdoen. Om die mens van God te vorm is ook kennis van God en Sy Gebod, van goed en kwaad nodig en moet hy gebring word tot selfstandige kennisverowering. Hiervoor moet daar van doeltreffende hulpmiddels en opvoedingsmetodes gebruik gemaak word.[4]

Die kind moet dus uiteindelik daartoe gebring word om die verworwe kennis op verantwoordelike wyse te gebruik, aan te wend, om diensbaar aan God en sy naaste te wees. Dit is vanwee die huidige omvang van die ensiklopedie van die wetenskap, alleen moontlik as die kennis vooraf geselekteer is met in agneming van persoonlike potensialiteite, sowel as die eise wat die samelewing en verskillende beroepe stel.

---

1. Coetzee, J.C. Op. cit., pp. 93-94.
2. Coetzee, J.C. Op. cit., p.94.
3. Anon. 'n Volk se jeug is sy toekoms, in Hoofstad, p.4, 8 Nov. 1969.
4. Preller, S.J. Die doel van die tersiêre opvoeding, in Inleiding tot die tersiêre didaktiek, pp. 109-110.

## 2.2.3 BEROEPSORIëNTERING

Waar kennisoordrag een van die belangrike take van die sekondêre skool is, beskou W.A. Landman as ewe belangrik „die hulp wat deur 'n volwassene aan die nie-volwassene aangebied word ten einde laasgenoemde in staat te stel om in sy worstelende besigwees met sy toekomstige beroepsbeoefening hom besluitvaardig en handelingsbereidwillig te onderwerp aan behoorlikheids-eise."[1] Uit die oogpunt van die leerlinge is beroepsvoorligting 'n belangrike en noodsaaklike taak van die sekondêre skool, want hulle is onseker oor hulself en die toekoms.[2]

Na voltooiing van die sekondêre skoolloopbaan volg die meeste leerlinge een of ander beroep of gaan hulle na een of ander inrigting om hulself vir die toekoms voor te berei. Watter weg ook al gevolg word, die leerling moet op skool gelei word, enersyds tot selfwaardering en - verwesenliking en andersyds tot insig in die omvang, aard en vereistes van verskillende beroepe. Volgens Landman sluit beroepsoriëntering meer in as net leiding by die keuse van 'n beroep. Die wese van beroepsoriëntering is dat die „..... nie-volwassene as beroepsbeoefenaar-in-wording, geleidelik opgevoed moet word tot selfstandige taakaanvaarding in 'n toekomstige beroepslewe."[3] Die leerling moet dus gelei word tot 'n verantwoordelike beroepskeuse, tot roepingsbewustheid en bereidwilligheid om in die roeping van sy keuse te bly en te strewe om dit met verantwoordelikheid te beoefen tot voordeel van homself en sy medemens, maar bo alles, uit dankbaarheid, tot eer van God.

---

1. Landman, W.A. Die essensie van beroepsoriëntering en beroepsoriënteringsterapie, pp. 202-203.
2. Nel, B.F. Fundamentele oriëntering in die psigologiese pedagogiek, p. 204; vergelyk ook paragraaf 2.3.
3. Landman, W.A. Op. cit., p.203.

Beroepsoriëntering is nie alleen vir die leerling belangrik nie, maar ook vir die samelewing, want die samelewing wil op die doeltreffendste wyse van die menslike potensiaal gebruik maak, meer nog omdat die mens vandag lewe in „what is called the second industrial revolution ... Revolving around atomic power, chemicals, computers, and automation, it has vastly increased the energy that we can produce and is beginning to substitute machines for human thought and control".[1]

Die elektroniese rekenaar is al beskryf as die enkele uitvindsel, tot dusver, wat naas die ontdekking van vuur, die meeste effek op die mens se leefwyse sal hê. Dit is eintlik onmoontlik om jouself in 'n situasie in te dink waar al die roetine dinkwerk van mense deur hierdie masjien oorgeneem word. Genetiese ingenieurswese lê om die draai, met die moontlikheid van vooruit-beïnvloeding van die karakter van die ongebore kind.[2]

Tydrowende take soos die hantering van eksamenuitslae en alles wat daarmee gepaard gaan, wat vroeër deur 'n groot aantal amptenare hanteer is, word tans met groot snelheid doeltreffend en akkuraat deur 'n rekenoutomaat verrig. Die funksie van die mens het egter nie in hierdie patroon verdwyn nie, want daar is nou meer beplanning en derhalwe ander en meer gespesialiseerde opleiding nodig.

Leerlinge wat in hierdie verantwoordelike wêreld groot word, moet so opgevoed word, dat hulle opgewasse sal wees om nuwe probleme, wat gedurende hulle lewe te voorskyn mag tree, doeltreffend die hoof te bied. Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat leerlinge ook individuele lewende wesens is nie, en die primêre funksie van die skool

---

1. Kneller, G.F. Op. cit., p.13.
2. Alberts, L. Die skolier in die moderne tegnologiese era. Spectrum, 9(3), Okt. 1971, p. 146.

kan derhalwe nie beroepsleiding wees nie, maar voorbereiding op die volle lewe.[1]

Om aan voorgaande te voldoen moet die vakke wat op sekondêre skool aangebied word van so'n aard wees dat dit genoegsaam is om in die behoeftes van die leerling, die omgewing en die land te voorsien. Terselfdertyd moet daar leiding aan leerlinge gegee word aangaande die vakke wat hulle moet kies. Dit is dus nodig dat vakoriëntering aandag geniet.

## 2.2.4 VAKORIËNTERING

Die mikpunt is om vakke te voorsien wat toerus vir die hede, maar wat ook in die behoeftes van die toekoms moet voorsien.[2] Met vakoriëntering word bedoel die verstrekking van voorligting aangaande vakke op die sekondêre skool, waar vakke gesien word as kennisgebiede wat as eenhede voorgeskryf word. Vakoriëntering sluit ook die nodige leiding aan leerlinge in om hulle in staat te stel om op 'n verantwoordelike wyse die keuse van vakke te oorweeg, sodat hulle op 'n selfstandige wyse kan besluit watter vakke by hulle potensialiteite aanpas en in hulle behoeftes kan voldoen.

Vakoriëntering is van besondere belang, want die leerlinge het dikwels 'n gebrekkige selfkennis.[3] „Van belang is veral aspekte soos verstandspeil, aanlegstruktuur en spesifieke vermoëns; belangstellings (wat soms nog vaag, veranderlik of selfs bedek kan wees) houdinge, opvattings en gewoontes; voorkeure en afkeure; stelsel van waardes; motiverings, ambisies, toekomsgerigtheid; selfwaardering (wat te laag of te hoog kan wees); vatbaarheid vir beïnvloeding; emosionele afhanklikheid, gesagsfigure (veral

---

1. Central advisory council for education - England. A report Her majesty's stationary office, 18(15), 1959.
2. Hutchinson, M. & Young, C. Op. Cit., p. 36.
3. Kyk paragraaf 2.3.

onderwysers en ouers) wat 'n eie realistiese of selfstandige keuse in die weg staan."[1] Op grond van die verskeidenheid persoonlikheidsveranderlikes wat hier genoem is, is dit duidelik dat die keuse van vakke vir die leerling, wat 'n gebrekkige selfkennis het, 'n uiters netelige probleem is. Geen wonder dat baie leerlinge vakke kies omdat hulle maats[2] dit kies of omdat dit 'n sogenaamde maklike vak is nie.[3]

Oriënteriing aangaande vakke wat op sekondêre skool aangebied word, is nie slegs van belang nie, maar is ook 'n absolute vereiste. Dit is nie slegs die taak en plig van die voorligter-onderwyser nie, maar òòk van elke vakonderwyser, want hy besef terdeë wat die beroeps- of kenniswaarde van sy vak is. Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat vakke ook ander waardes as blote beroeps- of kenniswaarde het nie so byvoorbeeld het elke vak vormende waarde, oordragswaarde, prestigewaarde ens.[4]

Hierdie voorligting moet egter nooit gesien word as geleenthede vir die werwing van goeie leerlinge, sodat die onderwyser goeie resultate kan behaal nie. Voorligting moet slegs aangewend word tot voordeel van die leerling en die gemeenskap en tot eer van God.

## 2.2.5 GEVOLGTREKKING

Aan die begin van hierdie hoofstuk is aangetoon dat die skool betrokke is by die oordra van 'n volk se kultuurgoedere. Om dit suksesvol te kan doen moet die skool sorg vir die oordra van kennis aan die leerlinge wat op hulle beurt die kennis verower, die skool moet ook leiding gee sodat

---

1. Van Dyk, T.A. Probleme van die student. in Inleiding tot die tersiêre didaktiek, pp. 46-47.
2. Kyk paragraaf 2.3.1.3.
3. Kyk paragraaf 2.3.2.1
4. Landman, W.A. 'n Antropologies-pedagogiese beskouing van beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die personologiese - etiese, pp. 3-10.

die leerlinge die verworwe kennis op verantwoordelike wyse kan aanwend. Laasgenoemde verg oriëntering.

Die kennisterreine wat deur die samelewing as belangrik beskou word, word deur die vakke en bedrywighede wat die kurrikulum vorm, weerspieël. Hieruit spruit voort die ontstaan en ontwikkeling van vakkeuse en dié vorm 'n verdere komponent wat voorligting of oriëntering verg. Om die werklike problematiek van vakkeuse te begryp, is dit derhalwe nodig om eers die skoolkurrikulum in oënskou te neem.

### 2.2.6 DIE KURRIKULUM VAN DIE SEKONDêRE SKOOL

In hierdie paragraaf sal kortliks nagegaan word met watter tipe kennis leerlinge tans toegerus behoort te word, en hoe die kurrikulum ontwikkel het. Dit is egter geensins die bedoeling om op fyner besonderhede in te gaan nie. Vir die doel van hierdie ondersoek word met kurrikulum bedoel die volle versameling vakke wat in sekondêre skole aangebied word, met die oog op bereiking van 'n bepaalde peil van toegerustheid. So kan daar onderskei word tussen die kurrikulum vir standerds 6 tot 8 en die vir standerds 9 en 10.[1]

„The volume of knowledge is vast already and continually growing, and there is no general agreement on what the pupil should learn. At the same time, this knowledge is becoming ever more specialized, with the result that the pupil must learn more, both to master his speciality and to comprehend the culture as a whole."[2] Hierdie aanhaling is veelseggend, en dui daarop dat daar nie so iets as 'n uniforme of selfs permanente kurrikulum kan wees nie.

---

1. In hierdie verhandeling is die toestande en kurrikula ter sake soos voor die invoering van die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys, wat vanaf 1973 geleidelik geïmplementeer word.
2. Kneller, G.F. Op. cit., p.13.

Die aantal afsonderlike vakke waaruit die kurrikulum bestaan, (omvang) die soort vakke in die kurrikulum ingesluit (inhoud) en die kenmerke van die samestelling (aard), bv. die vakgroepering, die mate van verpligting, ens. is in verskillende lande nie dieselfde nie. Die omvang, inhoud en aard van die sekondêre skoolkurrikulum word in die verskillende lande bepaal deur hulle godsdienstige, staatkundige, opvoedkundige, ekonomiese e.a. sienswyses en behoeftes.[1] Selfs in 'n bepaalde land is die kurrikulum nie altyd oral dieselfde nie, want plaaslike omstandighede is soms verskillend, bv. in stedelike en plattelandse omgewings. Ook die beskikbaarheid van personeel, die belangstelling, vermoë en behoefte van leerlinge bepaal die inhoud van die kurrikulum. Die kurrikulum van 'n sekondêre skool kan dus nie staties wees nie, maar moet beskou word as 'n dinamiese ontwikkeling „as the number of things to be learned increases, either the time spent on learning each one must diminish, or better methods of learning and teaching must be invented, or both."[2] Hieruit blyk duidelik dat die kurrikulum van verskillende tipes skole noodwendig moet verskil en van tyd tot tyd aan elke bepaalde skool sal moet verander.

## 2.2.7 DIE VEREISTES WAARAAN DIE KURRIKULUM MOET VOLDOEN

Alhoewel die kurrikulum nie staties is nie, word daar tog sekere norme vir die omvang, inhoud en aard van die kurrikulum gestel.[3] Die weglating en insluiting van vakke in die kurrikulum verg besondere kundigheid, omdat dit die toegerustheid en gevormdheid van die toekomstige burgers en burgeresse sal bepaal. Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat die kultuur van lande en volkere verskil; dus sal die middel wat kultuuroordrag rig, die kurrikulum, ook verskil. Hierdie verskille word verder uitgebrei deurdat geen twee lande

---

1. Alexander, W.M. The changing secondary school curriculum, p. 7.
2. Kneller, G.F. Op. cit., p.14.
3. Wilkenson, W.T. An analysis of the choice of subject in the sixth form. Educational Review, 19(2), Feb. 1967, p. 101.

dieselfde tipe beheer oor hullé onderwysdepartemente het nie.[1] In sommige lande word die kurrikulum vir sekondêre skole deur die owerheid vasgestel en leerlinge wat dieselfde kursus volg, neem almal dieselfde vakke. In ander lande weer, is daar verpligte vakke, wat almal moet neem, en keusevakke waaruit die hoof vir sy skool 'n keuse kan maak, afhangende van omstandighede. Faktore wat hier 'n rol kan speel, is plaaslike samelewingsbehoeftes, toelatingsvereistes tot 'n universiteit en personeelvoorsiening.

In die sekondêre skole waar die hoof 'n keuse van vakke vir sy skool maak, word gewoonlik die moontlikheid geskep dat leerlinge op hulle beurt ook kan kies en sodoende 'n eie kurrikulum saamstel. Met die keuse van die vakke vir die kurrikulum van sy skool, moet die hoof kunde en verantwoordelikheid aan die dag lê en toesien dat sy keuse aan die vereistes van 'n goeie kurrikulum voldoen. Die volgende vereistes word aan die kurrikulum gestel.

## (a) GEBALANSEERDHEID

Hilda Taba sien 'n gebalanseerde kurrikulum as volg: „A balanced curriculum is one in which both phases of the total learning act are balanced, which offers opportunities both for mastery of knowledge, and for making it one's own - or internalizing it - as the expression now goes - and which requires disciplined knowing, analysis, and reflection"[2] Dit is dus belangrik dat selfs vir die individuele leerling, al doen hy 'n keuse van vakke, die kurrikulum nog gebalanseerd bly, slegs dan kan hy kennisvolwassenheid bereik.

Daar moet ook 'n balans wees tussen natuurwetenskaplike, vaardigheids-, sosiale, handels- en taalvakke.[3]

---

1. Van Wyk, A.H. du P. e.a. Verslag van die oorsese sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, p.27.
2. Taba, Hilda. Curriculum development theory and practice, p. 374.
3. A report, Her Majestys stationary office, London, 1959, p. 51.

Kennisverwerwing op hierdie gebiede stel die leerling in staat om 'n stadium van algemene ewewigtige opgevoedheid te bereik, deur kennis te maak met verskillende studiegebiede, wat dikwels elk 'n ander benaderingswyse en visie van die werklikheid verteenwoordig.[1] Daar moet dus gewaak word teen die oorbeklemtoning van natuurwetenskaplike, handels-, of taalvakke in die sekondêre skoolkurrikulum, want dit gee aanleiding tot 'n eensydige ontwikkeling, soos dit voor 1960 in Frankryk die geval was waar die klassieke oorbeklemtoon was en die tegniese onderwys daaronder gelei het.[2] Daar moet deeglik rekening gehou word met die vinnige tempo waarteen kennisontwikkeling deesdae plaasvind, anders kan derglike balansversteurings maklik voorkom.

(b) STABILITEIT

„Conservative educators maintain that in times of rapid change education should act as a stabilizing force."[3] Deur gedurig die kurrikulum met kennis aangaande die nuutste ontwikkelings te laai, wat soms van tydelike aard is, kan verwarring by die leerling veroorsaak word. Die tradisionele in die kurrikulum, wat die toets van die tyd weerstaan het en wat kontinuïteit en stabiliteit aan die onderwys verleen, moet nie oorhaastig uit die kurrikulum verwyder word nie. Daar moet éérs gepoog word om dit met die nuwe te versoen. Die feit dat die huidige kultuur verwarrend is, regverdig nie die verwarring van die jeug, deur te veel van die stabiele in die kurrikulum te vervang deur dit wat nog nie beproef is nie.[4]

(c) VERSKEIDENHEID

„Because children react as total organisms, learn-

---

1. Bellock, A.A. What knowledge is most worth? in The changing secondary school curriculum, 1967, p.225.
2. Clark, L.H. e.a. The American school curriculum, p. 102.
3. Kneller, G.F. Op. cit., p.140
4. Ibid, p.141.

ing experiences must be selected for their influence on the learner's total development and their contribution to balanced and maximum growth."[1] Die kurrikulum moet voorsiening maak vir 'n wye verskeidenheid, omdat daar soveel individue by betrokke is, elkeen met sy eie belangstellings, vermoëns en potensialiteite. Hiermee word nie bedoel dat opvoeding voorgeskryf moet word deur leerlinge se belangstellings nie, maar dat dit wel aandag moet geniet in die samestelling van die kurrikulum.[2]

(d) TOEKOMSGERIGTHEID

Daar moet in die besonder rekening gehou word met die toekoms. Die kurrikulum moet nie slegs aangepas wees by die verlede, tradisionele en selfs die huidige nie, maar moet ook gerig wees op die toekoms. Wheeler stel dit soos volg: „To say that educational experiences should be functional means that they should have maximal relation to life and the living of it, not only to life in the future but to life in the present as well."[3] Die kurrikulum van die sekondêre skool, en selfs die kurrikulum van 'n bepaalde leerling, moet van so'n aard wees dat dit die leerling in staat stel om hom te kan aanpas by toekomstige ontwikkeling.

### 2.2.8 DIE ONTWIKKELING VAN DIE KURRIKULUM AAN DIE SEKONDêRE SKOOL

Die sekondêre skool se kurrikulum is vandag in enige land omvangryk, omdat die ontwikkeling van die kurrikulum tred gehou het met die toename van die mens se kennis. Trouens, dit kan tereg beweer word dat „The present generations have not witnessed a series of changes as far-reaching and rapid as those since 1957 in the secondary curriculum."[4]

---

1. Wheeler, D.K. Curriculum progress, pp. 151-152
2. Kneller, G.F. Op. cit., p.14
3. Wheeler, D.K. Op. cit., pp. 158-169
4. Minor Gwynn, J. & Chase, J.B. jr. Curriculum principles and social trends, p. 340.

Na die Renaissance het die groei van die kurrikulum geleidelik plaasgevind, maar gedurende die afgelope dekades het dit met rasse skrede toegeneem. Nuwe vakke is voortdurend by die sekondêre skoolkurrikulum ingesluit en elkeen hou verband met 'n gemeenskapsbehoefte, wat op een of ander tydperk, in die ontwikkeling van die westerse wêreld na vore getree het.[1] Sodanige vakke weerspieël ook die standpunte van owerhede en opvoeders aangaande dit wat hulle nodig ag om effektief op te voed. Die vakke het elkeen 'n geskiedenis wat verband hou met die ontwikkeling van die menslike kennis.

Gedurende die 19e eeu het die mens stoomkrag begin aanwend en dit het aanleiding gegee tot die Industriele Omwenteling wat in Engeland begin het en spoedig ook na die Europese vasteland versprei het. Die nuwe tegnieke en uitvindings wat daarmee gepaard gegaan het, het daartoe bygedra dat nuwe eise aan die sekondêre skool gestel is.[2] Wiskunde en Natuurkunde is toenemend beklemtoon, terwyl tegniese en later ook handelsvakke in die kurrikulum opgeneem is.[3]

Tussen die jare 1930 tot 1958 is 'n groot hoeveelheid vakke, vakinhoud en nuwe kursusse[4] by die kurrikulums van feitlik alle lande se skole gevoeg, terwyl 'n geringe aantal reeds bestaande kursusse en daarmee gepaardgaande vakke en vakinhoud daaruit verwyder is. Vakke wat in die V.S.A. aansien verloor het, is Latyn, Frans en Spaans in die taalgroep, Antieke- en Middeleuse Geskiedenis in die menswetenskapgroep, en Plantkunde en Dierkunde wat toenemend vervang word deur Biologie in die Natuurwetenskap-groep. In ons eie land is Volkekunde en Sosiale Studies onlangs weggelaat. 'n Aanmerklike aantal byvoegings to die sekondêre skoolkurrikulum, in die vorm van nuwe kursusse, is gedoen. Die waarneembaarste

---

1. Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, pp. 110-111; Brubacher, J.S. A History of the problems of education, pp. 424-425.
2. Brubacher, J.S. Op. cit., pp. 91-92.
3. Ibid.
4. Met kursus word bedoel 'n groep vakke rondom 'n sekere onderwerp of leidend tot 'n bepaalde kwalifikasie.

veranderinge het in die V.S.A. gekom in „..... Mathematics, English, the Social Studies, Science, Core Courses, Commercial or business education, Agriculture, Home Economics, Industrial Arts, Music, Art, Health Safety, Driving and Physical Education"[1] Ook in Suid-Afrika het toevoegings veral ten opsigte van ekonomiese wetenskappe, kuns en musiek geskied. Die jongste toevoeging alhier is Jeugweerbaarheid.

Met die lansering van die Russiese sputnik in 1957 het feitlik 'n nuwe tydvak begin en Voorligting het 'n prominente plek in die kurrikulum gekry.[2] Terselfdertyd is ingrypende vernuwing in die onderwys van Wiskunde en Natuurwetenskap bewerkstellig. Nie alleen het die inhoud van die kurrikulum verander nie, maar ook die metode van onderwys, waarin baie meer aandag aan differensiasie gegee is. Tans is daar in bykans alle vakke parallelle sillabusse op 'n gevorderde of hoër en 'n gewone of laer graad. Daar is toenemend besin oor die doeleindes van sekondêre onderwys, want „Many curriculum experts are convinced that more radical steps are necessary, especially in establishing the aims and purposes of secondary education in terms of needs of pupils and society and then modifying the curriculum to meet those needs."[3]

## 2.2.9 <u>GEVOLGTREKKING</u>

Die inhoud, aard en omvang van die kurrikulum is 'n aanduiding van die heersende siening van die taak van die sekondêre skool. Die inhoud en omvang van die huidige kurrikulum in sekondêre skole is voorts 'n weerspieëling van die ontwikkeling van die menslike kennis deur die eeue en veral van die huidige stand van kennis. Nogtans is die

---

1. Minor Gwynn, J. e.a. Op. cit., p.341.
2. Ibid., p.348.
3. Ibid., p.364.

bande met die verlede nie verbreek nie en is die invloed van die Grieke, die Romeine, die Rennaissance, die pragmatisme en materialisme van vandag, en in enkele gevalle ook die Christelike leer, duidelik daarin waarneembaar.

Om uitvoering te gee aan die kurrikulum, soos dit vandag daar uitsien en wat in die eise van die huidige samelewing moet voorsien, is gedifferensieerde onderwys nodig. Dit is dan ook die onderworp van die volgende paragraaf. Daar word egter slegs aan daardie enkele aspekte van gedifferensieerde onderwys wat betrekking op die aangeleentheid van vakkeuse het, aandag geskenk.

### 2.2.10 GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

Die bevindings van navorsers soos Binet,[1] Spearman[2] en Thorndike[3] het die individuele verskille van die jeug sterk op die voorgrond gestel en hul onderrig dienooreenkomstig beklemtoon. Die skool moet hiervoor voorsiening maak en die verskaffing van doeltreffende onderwys vir leerlinge van uiteenlopende bekwaamheid, belangstelling en behoeftes is die probleem van gedifferensieerde onderwys.[4] Gedifferensieerde onderwys moet voorsiening maak vir bevrediging van die veelvuldige behoeftes van die samelewing aan die een kant en die uiteenlopende behoeftes van die leerlinge aan die ander kant.[5] Dit beoog dus 'n sodanige opvoeding van elke kind dat die kind en die samelewing albei baat sal vind. Elke kind moet in staat gestel word om ten volle te ontwikkel, met in agneming van eie beperkings en talente. Die Onderwysstelsel moet dus voorsiening maak vir hierdie uiteenlopende belangstelling, behoeftes en vermoëns van die verskillende leerlinge.[6] Hierdie eis het daartoe aanleiding gegee dat die sekondêre skoolkurrikulum uitgebrei moes word, sodat vakke van uiteenlopende aard ingesluit kan word.

Die beleid ten opsigte van sekondêre skool-onderwys is om algemeen vormende en veelsydige opleiding te verseker,

1. Binet, A. The development of intelligence in children.
2. Spearman, C.E. Psychology down the ages.
3. Thorndike, E.L. Educational psychology.
4. Van Wyk, A.H. du P. e.a. Op. cit., p.9.
5. Van Loggerenberg, N.T. & Jooste, A.J.C. Verantwoordelike opvoeding, p.250.
6. Garden, J.W. National goals in education, p.5.

en aan die ander kant ook die leerling vir toetrede tot die arbeidsmark en die universiteit voor te berei.[1] In die Republiek van Suid-Afrika moet die sekondêre onderwys ook Christelik wees na die hele gees en rigting daarvan.[2] Om leerlinge die kans te bied om 'n sinvolle deelname te hê aan die moderne samelewing, 'n samelewing gekenmerk deur die gejaagdheid van die ruimteeeu, en hulle tegelykertyd as mense van God toe te rus, is die vorming van die leerling in 'n verskeidenheid rigtings nodig.[3]

Dit blyk duidelik uit voorgaande dat die taak van die huidige sekondêre skool meer omvangryk is as die taak van die sekondêre skool van vroeër. Die kultuur wat oorgedra moet word, waarvan kennis 'n belangrike aspek is, moet sorgvuldig en op 'n wetenskaplike wyse opgeneem word uit die oorweldigende verskeidenheid materiaal wat beskikbaar is. Vir elke leerling is dit belangrik om hieruit te selekteer wat by sy belangstelling, aanleg, behoeftes en vermoëns pas. Die leerling moet dus georiënteer word tot verantwoordelike vak- en beroepskeuse. Gedifferensieerde onderwys is 'n middel om hierdie probleme te bowe te kom. In die volgende paragrawe word enkele aspekte van gedifferensieerde onderwys, wat betrekking kan hê op die aangeleentheid van vakkeuse, bespreek.

## 2.2.11 FAKTORE WAT GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS NOODSAAK

Dat gedifferensieerde onderwys noodsaaklik is, blyk reeds uit voorgaande paragraaf. Faktore wat hiertoe aanleiding gegee het, kan soos volg saamgevat word:

### (a) BEROEPSVEREISTES

Veral gedurende die eerste jare op die sekondêre

1. Hill, J.S. Op. cit., p.30
2. R.S.A. Goewermentskennisgewing R2029, Staatskoerant, 77:3306, Nov. 1971, p.17.
3. Nieuwenhuis, H. Op. cit., p.102; Breedt, A. Fasette van die samelewing struktuur waarin die hedendaagse jongmens lewe. Onderwysblad, L XXIX(839), April 1972, p. 85.

skool word die leerling bewus van die noodsaaklikheid van die keuse van 'n moontlike beroep.[1] Die leerling begin nou die ekonomiese posisie van sy ouers, sy eie verstandelike vermoë, die voor- en nadele en die eise van beroepe te oorweeg.[2] Die onvolwassene moet in hierdie tyd opgevoed word om die beroep te sien „... als een recht menselijke wijse van in de wêreld zijn, door werk te verrichten, waarvoor men geschikt is in dienst van de gemeenschap, om zo ook te kunnen voorzien in eigen levensonderhoud en dat van de zijnen, in overtuiging dat men de taak heeft de cultuur in stand te houden en te ontwikkelen."[3]

Vanweë die ongekende ontwikkeling van die wetenskap en tegniek[4] het daar talle nuwe beroepe ontstaan, waarvoor daar gespesialiseerde werkers opgelei moet word.[5] Voorts het die ekonomiese- en opvoedingspeil van die bevolking sodanig gestyg, dat die sekondêre skool as't ware 'n volkskool geword het. Die intensiewe wetenskapsbeoefening het daartoe gelei dat die massa kennis in omvang en diepte sneller toegeneem het as die mens se vermoë om te ken, te oorsien en die samehang daarvan te snap. Dit het spesialisasie ook vroeër op die kind afgedwing.[6] „Die najaag van beroepsgerigte opleiding met die oog op welvaart, status en veiligheid tesame met toenemende eise van wetenskap en nywerheid ten opsigte van gespesialiseerde kennis en vaardigheid..."[7] bring mee dat die sekondêre skool ook opleiding in die besondere rigtings moet verskaf. Hierdie komplekse faktore, tesame met toenemende verskuiwing van die bevolking van die platteland na die stede, het die saamtrek van massas leerlinge in stedelike skole bevorder en het tot gevolg gehad dat die sekondêre skole ingrypend verander het. Hierdie verandering het op sy beurt gedifferensieerde onderwys genoodsaak!

---

1. Jooste, J.H. Gedifferensieerde onderwys in die Transvaalse komprehensiewe hoërskool, p.10.
2. Ibid.
3. Schomaker, J.A. Beroepsberekening en opvoeding, p.201.
4. Vergelyk paragraaf 2.2.3
5. Van Loggerenberg, N.T. Op. cit., p.250.
6. Preller, S.J. Die opvoeding van die kind en sy geestelike beïnvloeding deur die moderne wetenskap, en veral die natuurwetenskap in Atoomeeu in U lig, p.299.
7. Ibid., p.300.

In plaas van die eertydse homogene universiteitsgerigte groep, is daar tans 'n heterogene groep in die sekondêre skool wat in toenemende mate op beroepsgerigtheid aandring. Die sekondêre skool word dus genoodsaak om met hierdie behoeftes rekening te hou en moet 'n groter verskeidenheid vakke, studierigtings en kursusse aanbied. Om aan hierdie vereistes te voldoen, moet 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys noodgedwonge ingevoer word, wat aan die eise van die gemeenskap kan voldoen en in die behoeftes van die leerling kan voorsien.[1]

(b) DIE ONGELYKHEID VAN DIE MENS

Afgesien van die feit dat daar 'n groot ooreenkoms tussen mens en mens is, juis omdat hulle mense is, is daar tog onbetwisbare groot onderlinge verskille tussen mense, omdat God nie alle mense eenders volgens algemene patroon geskape het nie. God skep dus nie algemene mensheid nie, maar wel individue.[2] Hy skep elke mens as afsonderlike individu, eenmalig, onherhaalbaar, uniek.[3] Dit is dus duidelik dat God aan elke mens ander vermoëns en belangstellings, wat ontwikkel moet word, toebedeel het. Hoe passend is die Woord in Mattheus 25 vers 16 nie hier nie: „En vir die een gee Hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë ...." Hierdie heterogeniteit van die onderskeibare psigofisiese eienskappe van mense maak opsigself reeds gedifferensieerde onderwys noodsaaklik.[4]

(c) SKOOLPLIG

In al die Westerse lande is sekondêre onderwys verpligtend tot 'n sekere ouderdom. Weens die hoër eise wat die samelewing aan die individu stel, as gevolg van 'n meer gespesialiseerde lewe en 'n kultuurpatroon, wat meer ingewikkeld geword het, het dit telkens nodig geword om

---

1. Van Loggerenberg, N.T. e.a. Op. cit., pp. 250-251.
2. Gunter, C.F. Opvoedingsfilosofieë, p.381.
3. Haasbroek, J.B. e.a. Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap. 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys, p.17.
4. Jooste, J.H. Op. cit., p.30.

die skoolplig te verleng.[1] In Transvaal mag 'n leerling eers die skool verlaat aan die einde van die jaar waarin hy 16 jaar oud word.[2] Dit het tot gevolg dat daar nou meer leerlinge tot sekondêre opleiding verplig word as vroeër.

Om tred te hou met die veranderende gemeenskapseise, het die sekondêre skool verander tot 'n volkskool,[3] wat 'n tuiste moet bied vir alle leerlinge. Baie van hierdie leerlinge beskik nie oor die vermoëns of belangstelling om 'n akademiese kursus te volg nie en het 'n bestemming heel anders as die universiteit. Weens die verandering van die sekondêre skoolbevolking en die eise wat die universiteit, die werkgewers en die lewe in die algemeen stel, het die opvoedkundiges voor die probleem te staan gekom om voorsiening te maak vir 'n hetorogene groep leerlinge.[4] Hieruit het gedifferensieerde onderwys voortgespruit.

### 2.2.12 HUIDIGE DIFFERENSIASIETEGNIEKE

Die ontwikkeling wat in die voorgaande paragrawe beskryf is, beklemtoon die feit dat die sekondêre skool in toenemende mate moet differensieer. Die volgende differensiasietegnieke kom tans in stelsels van gedifferensieerde onderwys voor.[5]

#### 2.2.12.1 DIFFERENSIASIE IN BANE OF STROME

Leerlinge word volgens prestasie en I.K. in betreklik homogene bekwaamheidsgroepe ingedeel en dieselfde vak word op verskillende vlakke aangebied. In die baangroepering neem 'n leerling al sy vakke òf op 'n hoër vlak òf middelbare

---

1. Van Loggerenberg, N.T. & Jooste, A.J.C. Op. cit.,p.250.
2. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, Mei 1970, p.12.
3. Vergelyk paragraaf 2.2.11
4. Van Loggerenberg, N.T. & Jooste, H.J.C. Op. cit., p.251
5. Vergelyk R.G.N. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n Nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika. Deel I. Hoofstuk 3.

vlak òf op 'n laer vlak. Hierdie metode vind nêrens groot byval nie, omdat daar aan die leerling en in die besonder die minder intelligente leerling, 'n "etiket" gehang word. In Engeland en die V.S.A. is weggedoen daarmee of word daar gepoog om daarmee weg te doen. In die Transvaalse sekondêre skole is hierdie metode by die skrywe hiervan nog in gebruik.

2.2.12.2 KRUISGROEPERING

Hierdie gewysigde vorm van baanindeling kom daarop neer dat 'n leerling verskillende vakke op verskillende vlakke kan neem. Dit is 'n regverdiger vorm van groepering. Die vakinhoud word hier verdeel in maklike (laer), moeiliker (gewone) en moeilikste werk (gevorderde) rondom 'n sekere standaard of kernsillabus. Dit bring mee dat die eksaminering van dieselfde vak tot op drie vlakke gedifferensieerd geskied. Hierdie metode word gebruik in die V.S.A., Engeland en Skotland.

2.2.12.3 DIFFERENSIASIE VOLGENS VAKKEUSE EN STUDIEKURSUSSE

Hierdie vorm van differensiasie is in verskeie lande die mees algemene. Hier word 'n kern van basiese vakke, met die oog op algemeenvormende onderwys vir die leerling voorgeskryf. Voorts word 'n wye keuse ten aansien van aanvullende vakke, wat by die leerling se aanleg, belangstelling en behoeftes pas, moontlik gemaak. Kursusse of vakgroeperings of studierigtings waaruit daar gekies kan word, is in die reël: akademiese, tegniese, handels-, huishoudkundige en landboukundige rigtings. Hierdie vorm van differensiasie kan in afsonderlike skole geskied of in komprehensiewe skole, waar dit onder een dak geskied. Lande waar hierdie stelsel gebruik word, is Duitsland, Frankryk, België, Noorweë, Swede en Engeland.

2.2.12.4 DIFFERENSIASIE EN TEMPO

In bogenoemde skole kan daar ook nog gedifferensieer word volgens die tempo waartoe die leerlinge werk. Hierdie metode is nie nuut in die onderwys nie. Aangesien dit daarop neerkom dat een leerling vyf jaar kan neem om 'n kursus te voltooi, terwyl die ander sewe jaar kan neem. Daar is in hierdie geval nie differensiasie in die leerstof nie. Hierdie stelsel word in die V.S.A. toegepas in die „non-graded" skole waar daar nie standerdverdeling is nie. Leerlinge kan hier aan die einde van twee of drie jaar 'n eksamen aflê met die oog daarop om na die volgende fase van twee of drie jaar te promoveer.

2.2.12.5 "ADVANCE PLACEMENT PROGRAM"

Hierdie metode hou verband met die verryking van die leerprogram. In die V.S.A. vind verryking op verskillende maniere plaas en een manier is daarop gemik om die skrander leerling gouer aan die kollegeprogram te laat deelneem. Daar word reeds in die laaste jaar van die sekondêre skool in sommige vakke onderrig gegee op kollege vlak, waarvoor die leerling dan erkenning ontvang as hy op Kollege kom.

2.2.12.6 DIE PARALLELLE KURRIKULUMPLAN

Hierdie plan het sy ontstaan in Massachusetts (V.S.A.) gehad, waar leerlinge toegelaat is om langs twee parallelle bane te vorder. Die kurrikulum is in albei gevalle dieselfde, behalwe dat een groep die kursus in agt jaar voltooi en die ander in ses jaar. Leerlinge word periodiek bevorder en aangewys op die vinnige of stadige groep in ooreenstemming met hul vermoëns.

2.2.12.7 DIE INDIVIDUELE VORDERINGSPLAN

In hierdie vorm van differensiasie word daarvoor voorsiening gemaak dat elke leerling teen sy eie individuele tempo werk en vorder. Sodra die leerling die vereiste peil van werk bereik het, kan hy enige tyd van die jaar bevorder word en dadelik met die volgende jaar se werk voortgaan. Hierdie stelsel het sy oorsprong in Colorado (V.S.A.) gehad.

2.2.12.8 DIE SEMESTERPLAN

'n Verdere differensiasie tegniek wat aangetref word, is die sogenaamde semesterplan waar leerlinge aan die einde van elke semester bevorder word, op die manier hoef net ses maande se werk herhaal te word, indien 'n leerling druip.

2.2.13 HUIDIGE BENADERINGS VAN VAKKEUSE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

In die provinsiale onderwysdepartemente word die volgende eksamenvakke in standerd ses aangebied - van hierdie vakke moet sewe of agt gekies word: moedertaal, tweede taal, Geskiedenis, Aardrykskunde, Wiskunde of Rekenkunde, Algemene Wetenskap, 'n handwerkvak, 'n derde taal, 'n handelsvak, Musiek en Kuns. Gedurende die verkenningsjaar is die meeste van die vakke nog verpligtend. Daar is gewoonlik net 'n beperkte keuse en wel tussen 'n derde taal, 'n handelsvak, Musiek en Kuns.[1]

Aan hoër tegniese skole is die volgende vir alle leerlinge vanaf standerd 6 tot 10 verpligtend: Afrikaans, Engels, Skei- en Natuurkunde, Wiskunde, Tekene en Geskiedenis (tot st. 8). 'n Keuse kan gemaak word uit die verskillende ambagte wat aangebied word. In ander beroepskole is 'n sekere aantal basiese vakke verpligtend met keusevakke in die besondere rigting waarin die skool spesialiseer.[2]

1. R.G.N. Op. cit., p.82
2. Ibid.

Dit is opvallend dat die verpligte vakke in die hoër standerds minder en die keusevakke meer word. By vakkeuse moet leerlinge in sommige vakke reeds aan die einde van standerd ses besluit of hulle die universiteitstoelatingskursus wil volg en dan dienooreenkomstig vakke kies. Aan die einde van standerd agt moet die leerling definitief kies of hy die universiteitstoelatingskursus wil volg of nie. Indien hierdie kursus nie gekies word nie, is slegs die moedertaal en die tweede landstaal verpligtned, terwyl by sommige onderwysdepartemente ook 'n natuurwetenskap verpligtend is. Vir leerlinge wat nie aan universiteitstoelatingsvereistes voldoen nie is die modertaal, 'n ander taal, Wiskunde en 'n vierde groepvak of 'n natuurwetenskap en 'n derde taal verpligtend:[1]

'n Belangrike tendens in differensiasie is dat daar steeds meer vakke aangebied word, sodat leerlinge vakke kan kies wat by hulle belangstelling, aanleg, behoeftes en vermoë pas. Dit bly egter 'n ope vraag in watter mate sekere vakke verpligtend gemaak moet word en of leerlinge toegelaat moet word om in 'n groter mate hulle vakke self te kies. Daar is ook die probleem dat leerlinge oorlaai kan word met meer as wat hulle kan assimileer. Aan die anderkant kan die kultuur van 'n volk nie sonder meer oorboord gegooi word en met 'n nuwe vervang word nie. Verpligte vakke moet dus vir die behoud van die kultuur verdedig word.[2]

Die aangeleentheid van vakkeuse geniet tans in die hoogste onderwyskringe aandag. Die Administrateur van Transvaal, mnr. S.G.J. van Niekerk, het 'n tydige en ernstige waarskuwing aan ouers en leerlinge gerig, om te besin voordat leerlinge 'n keuse van vakke maak, en hy het die aandag daarop gevestig dat Voorligting noodwendig 'n uiters belangrike en toenemende rol in moderne stelsels van differensiasie moet speel.

1. Loc. cit.
2. Loc. cit.

Hy het daarop gewys dat die beoogde nuwe stelsel[1] 'n groot verskeidenheid keuses sal bied en ook erkenning verleen aan veel meer gawes en talente by toelating tot universiteite, mits die vakke in die regte kombinasies geneem word.[2] Die gevare dat leerlinge verkeerde vakkeuses kan doen, sal onder die komende stelsel, met sy veel wyer keuses en die ingewikkelde vereistes ten opsigte van vakkombinasies, baie groter wees.

## 2.2.13.1 ASPEKTE VAN BELANG BY VAKKEUSE

Uit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat die aantal vakke wat op bepaalde sekondêre skole of sekondêre skoolkursusse betrekking het, ontsettend toegeneem het. Hierdie vakke is almal belangrik, maar dit is menslik onmoontlik vir die individu om almal te bestudeer. 'n Keuse moet dus deur die individu gemaak word. Dit skep die probleem van vakkeuse en die volgende aspekte moet in ag geneem word by die doen van so'n keuse.

### (a) VORMENDE WAARDE VAN 'N VAK

Wanneer 'n vak gekies word, moet daar aandag gegee word aan die vormende waarde van die vak. Met vorming word onder andere bedoel die ontwikkeling van psigiese funksies soos logiese denke, houdings soos 'n wetenskaplike houding, waarderings soos kunswaardering, sowel as die verkryging en verruiming van psigiese inhoude.[3]

---

1. Tree in 1973 in werking.
2. Van Niekerk, S.G.J. Slaggate in die keuse van skoolvakke. Die Vaderland, 35(10910), 5 kol. 5, 17 Mei 1972.
3. Vergelyk Barkhuizen, B.P. 'n Psigologiese- pedagogiese studie van enkele aspekte van menslike gedrag op die pad met spesiale verwysing na die padveiligheidsprobleem, p. 84-86.

(b) DIE OORDRAGSWAARDE VAN 'N VAK

Vroeëre opvattings was dat die ontwikkeling van psigiese funksies, wat deur die studie van 'n vak plaasvind, outomaties neerslag vind op ander vak- of lewensterreine. Hierdie ou opvatting het tot gevolg gehad dat daar aanvaar is dat die studie van Latyn voldoende is vir die ontwikkeling van die verstand en sekere persoonlikheidstrekke wat in studie bevorderlik is, en dat iemand wat hierdie vorming ondergaan het in staat is tot enige werk wat denke, dissipline en deursettingsvermoë vereis.[1] Hierdie uiters eng sienswyse word tans nie meer aanvaar nie. Wat egter wel aanvaar word, is dat oordrag van die geleerde plaasvind, maar dat die mate van oordrag eerder afhanklik van die metode van onderwys, as van die inhoud van 'n bepaalde vak is.[2]

(c) DIE PRESTIGEWAARDE VAN VAKKE

Dat universiteitstoelatingsvereistes 'n belangrike rol speel kan nie ontken word nie, en as gevolg hiervan het die sekondêre skoolkurrikulum 'n onmiskenbare akademiese vorm aangeneem; 'n vorm wat deur die jare 'n prestigewaarde verwerf het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat leerlinge vakke gekies het om hulle prestigewaarde en nie om hul funksionele waarde nie. Die populêre opvatting aangaande die moeilikheidswaarde van 'n vak dien ook vir sommige as 'n motivering. Sommige leerlinge sal 'n bepaalde vak kies omdat dit moeilik is, terwyl 'n sogenaamde moelike vak andere afskrik.[3]

(d) DIE FUNKSIONELE WAARDE VAN 'N VAK

Sommige opvoedkundiges, veral in die V.S.A., beskou die funksionele waarde van 'n vak as die belangrikste rede

---

1. Hill, J.S. Op. cit. p.42.
2. Clark, L.H. e.a. The American secondary school curriculum, p.61.
3. Incorporated association of assistant masters in secondary schools. Teaching of modern languages, p.30.

waarom dit in die kurrikulum ingesluit moet word. Volgens hulle is die waarde van 'n vak geleë in die moontlikheid van die praktiese implementering van die aangeleerde kennis en vaardigheid wat deur bestudering van die vak verwerf word.[1] Die funksionele waarde van 'n vak is wel belangrik, maar dit behoort nie die deurslaggewende faktor by vakkeuse te wees nie.[2]

(e) DIE BEROEPSWAARDE VAN VAKKE

Die leerling se aandag moet daarop gevestig word dat hy, by die doen van 'n vakkeuse, ook sy toekomstige beroep in gedagte moet hou, sodat hy nie 'n keuse van vakke doen wat sy beroepskeuse nadelig inperk nie.[3] 'n Eksperiment wat deur Butcher met sekondêre skoolleerlinge uitgevoer is, het aan die lig gebring dat aanleg en belangstelling by 13-jarige leerlinge reeds in so'n mate bestendig is dat 'n sinvolle vakkeuse, wat by hul aanleg en belangstelling pas, moontlik is. Hiervoor is egter deskundige leiding nodig.[4] Vakoriëntering en -keuse moet dus reeds vroeg in die sekondêre skool ernstige aandag geniet.

## 2.3 BESTAANDE BEVINDINGS IN VERBAND MET VAKKEUSE

Dat die aspekte van hierdie studie reeds aandag geniet het, blyk uit die bevindings van vroeëre ondersoekers. In hierdie paragraaf sal veral aandag geskenk word aan bevindings betreffende die invloed uitgeoefen deur invloedspersone, belangstelling in die vak van die kant van leerlinge en toekomsplanne van leerlinge.

Omdat die leerling in hierdie ondersoek die sentrale figuur is, is dit noodsaaklik om vooraf kortliks oor faktore

---

1. Clark, L.H. e.a. Op. cit., p.30.
2. Parks, J.H. The classics in the curriculum. Journal of Education, 46(6), May 1969, p.336.
3. Clark, L.H. e.a. Op. cit., p.131.
4. Butcher, H.J. An investigation of the swing from science, p.30.

in die leerling self, as keusemaker, te besin want „Subjective factors in decision making are the personal factors within the decision maker which seem to militate against him in attempting to arrive at a rational decision."[1] Faktore soos emosies, waardes, gewoontes en gesondheidstoestande beïnvloed die keuse wat gedoen word baie meer as wat algemeen aanvaar word en is dikwels die oorsake van verkeerde vakkeuses.[2]

Dit word algemeen deur psigoloë en leke aanvaar dat emosies 'n individu se gedrag beïnvloed. In situasies waar keuses gedoen moet word, kan 'n matige emosionele stimulant 'n bevorderlike effek op die doen van 'n keuse hê, deurdat die individu daardeur geestelik „wakker" gemaak word. Sterk emosionele prikkels met gepaardgaande oormatige emosies soos woede, vrees en soms angs, het 'n baie verwarrende invloed op die individu, deurdat daar dan nie effektief gekonsentreer word op die keuseprobleem nie. Tydens sulke emosionele spannings is daar eerder die begeerte om gou te besluit, hetsy reg of verkeerd, as om te wag en die saak kalm en objektief te oorweeg.[3]

Meeste vakkeuses word gedurende die adolessente periode gedoen, 'n tydperk in die lewe van die individu waarin sy persoonlikheidstrekke nog nie bestendig is nie en dus nog aan veranderings onderhewig is. Hy is nog besig om homself te identifiseer en te evalueer. Hy is op 'n stadium waar hy nog soek na sekuriteit aan die een kant en onafhanklikheid aan die ander kant. Hy is dus blootgestel aan konflikte wat sy keuse bemoeilik.[4] Die leerling is dikwels nog onkundig omtrent homself en sy belangstellings, begaafdhede, persoonlikheid-, karakter- en temperamentstrekke - is nog vir homself onbekend of vaag. En tog - gedurende hierdie tyd word verwag dat hy homself so goed moet ken,

---

1. Morell, R.W. Subjective factors in decision-making. Catholic School Journal, June 1962, P. 59.
2. Loc. cit.
3. Ibid., p. 60.
4. Givens, P.R. Vocational choices and their significance for self-structure. Junior College Journal, Nov. 1961, p. 134.

dat hy self besluite oor 'n moontlike beroep en die vakke wat die deure tot die latere beroep sal open, moet neem.[1]

Dit is derhalwe duidelik dat deskundige advies deur voorligters in hierdie keusemaking uiters essensieel is.

### 2.3.1 INVLOEDSPERSONE

Die vernaamste invloedspersone ten opsigte van vakkeuse, is daardie persone met wie die keusemaker dikwels in aanraking kom. Uit die bevindings van vorige ondersoekers blyk dit dat onderwysers, ouers en maats die belangrikste invloedspersone was.

#### 2.3.1.1 ONDERWYSERS

"..... 'I don't like History; I never did like it before', a young student said to his teacher within this term."[2] Soortgelyke aantygings ten opsigte van skoolvakke is nie onbekend nie. Die rede hiervoor moet iewers gesoek word. Die redakteur van Peabody Journal of Education vind die rede in „Some poor teaching somewhere in the student's career started the dislike."[3]

Niemand is geregverdig om 'n afkeer in Geskiedenis of enige ander basiese vak te hê nie, want hierdie vakke is basies omdat hulle 'n belangrike rol gespeel het in die wording, ja in die bestaan self, van die mens. Daar mag meer van een vak as van die ander gehou word, maar die mens wat wil kwalifiseer as 'n opgevoede persoon, wat toegerus wil wees om in - en aan te pas in die wêreld waarin hy leef en die gemeenskap waarin hy beweeg, moet kennis van 'n verskeidenheid van vakke dra. Die rol wat die vakonderwyser hierin speel, kan moeilik oorskat word.[4] 'n Swak vakonder-

---

1. Sonnekus, M.C.H. Die standaardisering van battery akademiese prestasietoetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteitstudente, pp. 33-34.
2. Anon. A student who dislike a subject is unfair to himself. Peabody Journal of Education, 46(2), Sept. 1968, p.65.
3. Ibid.
4. Ibid.

wyser kan in menige geval die oorsaak wees dat leerlinge nie sy vak vir verdere studie kies nie.

'n Ondersoek wat deur Pheasant op 1511 leerlinge in Engeland en Wallis uitgevoer is om vas te stel hoe leerlinge beïnvloed moet word om 'n loopbaan in 'n wetenskaplike rigting te volg, het aan die lig gebring dat alle dogters en 85% van die seuns daardie vakke laat staan het wat nie in die laer standerds aantreklik en interessant aangebied en wat later nie verpligtend was nie. Hy het verder gevind dat die grootste enkele rede waarom leerlinge nie van 'n vak gehou het nie, die onbevredigende onderwyser - kind - verhouding in die klaskamer was.[1]

„It was further apparent from the interviews that the acceptability of the teacher to adolescents was of major importance in their preference for a subject."[2] Kinders aanvaar baie gou 'n onderwyser wat ferm optree, dissipline onopsigtelik handhaaf en 'n atmosfeer skep waarin hulle kan werk. Hy moet sy vak ken en die kennis aan hulle kan oordra, hy moet belangstel in hulle probleme en prestasies, hulle help as hulle agter raak of die werk nie begryp nie. Hy moet te alle tye regverdig teenoor almal wees, in kort: „He must be in control not only of his class and of the business of the classroom, but also of himself; resort to bouts of temper or sarcasm or to unfairness where deplored by the pupils."[3] Die onderwyser wat aan dié norme voldoen, se vak geniet voorkeur as dit by vakkeuse kom.

Uit 'n ander ondersoek het dit geblyk dat sommige onderwysers na kwaliteit eerder as kwantiteit soek. Deur die standaard van die vak so geweldig hoog te stel dat slegs die briljante leerlinge bybly, sif hulle die leerlinge.

---

1. Pheasant, J.H. The influence of the school on the choice of science careers. <u>British Journal of Educational Psychology</u>, 31(1), Feb. 1961, p.39.
2. Loc. cit.
3. Loc. cit.

„Some teachers take the attitude that they want only the superior students in their class and so proceed to hold the level of work, particularly in the beginning, so high that only a few students remain in the class."[1] Sodra 'n onderwyser eers die reputasie onder leerlinge verwerf het, dat sy vak die moeilikste op skool is, sal min leerlinge die vak kies. Hierdie opvatting word maklik deur leerlinge oordryf, met die gevolg dat leerlinge wat maklik kon slaag as hulle die vak sou neem, afgeskrik word en dit nie wil kies nie.[2]

Cobb[3] e.a. het 'n ondersoek aan agt semi-plattelandse skole in die omgewing van Washington en Baltimore uitgevoer ten einde vas te stel watter faktore leerlinge beïnvloed het om 'n keuse te maak tussen 'n handelsrigting, 'n algemene rigting, 'n akademiese- en 'n beroepsrigting. Hulle het bevind dat die onderwyser in Engels 'n dominante rol in die keuse gespeel het. 'n Derde van die universum het die Engelse onderwyser as die belangrikste beïnvloedende faktor bestempel. Agt-en-vyftig van dié wat die handelsrigting gekies het, het die handelonderwyser as belangrikste faktor bestempel, terwyl 45% van die landbougroep hul landbouonderwyser as die enkele belangrikste faktor genoem het. Die dominansie van die Engelse onderwyser, as faktor wat vakkeuse beïnvloed het, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat „whether the English teacher is charged with guidance responsibilities or whether she makes any such conscious effort, it is clear according to students in all four curriculums that she is performing that role to substantial extent in all four curriculums."[4]

Hieruit kan afgelei word dat die onderwyser in die moedertaal ook in die R.S.A. moontlik 'n belangrike faktor

---

1. Yale, F.G. Why are high school students avoiding the sciences. Science Education, 50(4), Okt. 1966, p.327.
2. Loc. cit.
3. Cobb, R.A. & Cordozier, V.R. What factors influence curriculum choice? American Vocational Journal, 41(7), Okt. 1966, p.30.
4. Ibid.

by vakkeuse kan speel. Die graad van belangrikheid van die betrokke vakonderwysers wat deur bogemelde leerlinge in besondere rigtings aangedui is, beklemtoon die belangrike rol wat onderwysers in die algemeen by vakkeuse speel. Sommige onderwysers slaag klaarblyklik daarin om deur hulle persoonlikheid, aanbieding van die vak, die dissipline wat hulle handhaaf, hulle vermoë om met kinders te werk en die manier waarop hulle leerlingprobleme hanteer, hulle leerlinge so te beïndruk dat hulle die vak wat die bepaalde onderwyser onderrig, kies. Dan is daar ongelukkig ook daardie onderwysers wat waarskynlik deur hulle persoonlikheid, aanbieding van die vak, die dissipline wat hulle handhaaf, hulle wyse om met kinders te werk en die manier waarop hulle kinderprobleme hanteer, die leerlinge so afskrik dat die leerlinge nie maklik die vakke wat hierdie onderwysers onderrig, wil kies nie.[1]

### 2.3.1.2 OUERS

'n Leerling se vermoë om vakke oordeelkundig te kies, hang dikwels af van die ondervinding wat hy vroeër tuis of op skool in die doen van keuses opgedoen het. Die keuse word ook beïnvloed deur die mate van onafhanklikheid van sy ouers wat hy bereik het. Familieverhoudings mag soms van so'n aard wees dat die kind verplig word om 'n vakkeuse te doen wat die ouers voorstel, terwyl hy liewer 'n ander, eie, keuse sou wou doen. Hierdie toestand veroorsaak konflikte by die kind.[2] 'n Studie van genoemde onderwerp aan die universiteit van Wisconsin het aan die lig gebring dat moeders liewer die keuse aan die kind oorlaat, maar dat vaders in 'n groter mate die keuse vir hulle kinders wil doen.[3] Wat die kind self betref is dit „... apparent that ninth-grade superior students prefer to make their own decisions on educational matters."[4]

---

1. Vergelyk paragraaf 2.3.1.1
2. Hays, D.G. & Rothney, J.W.M. Educational decision making by superior secondary school students and their parents. Personnel and Guidance Journal, Sept. 1961, p.26.
3. Ibid., p.30.
4. Loc. cit.

In 'n replikasie van laasgenoemde ondersoek in Maryland het Cobb & Cordozier ook bevind dat leerlinge liewer hul eie vakkeuse wil doen, maar dat die grootste enkele faktor wat hierby betrokke is, die invloed van die moeder is, terwyl die vader die vierde of vyfde op die lys van invloedsfaktore genoem is.[1] Dit blyk dus asof die moeder, wat haar nie doelbewus inmeng met haar kinders se vakkeuse nie, nogtans 'n groter invloed daarop uitoefen as die vader, wat daadwerklik wil ingryp.

Kinders wie se ouers tersiêre, en veral professionele, opleiding geniet het, kies oor die algemeen ook akademiese kursusse, terwyl leerlinge wie se ouers ambagslui, halfgeskoolde en ongeskoolde werkers is, minder belangstel in akademiese kursusse. In aansluiting hiermee het Pheasant gevind dat ouers wie se sosio-ekonomiese standaarde laag is, hulle nie veel met die keuse van die kinders, wat opvoedkundige aangeleenthede betref, bemoei nie. Die volgende aanhaling illustreer hierdie verskynsel: "They didn't discuss it with me. Father left it to mother and mother said she wanted nothing to do with my choice for then if I choose unwisely, I cannot blame her."[2] Hierdie klaarblyklike invloed op, en soms weer gebrek aan verantwoordelikheid ten opsigte van vakkeuse by die ouerhuis, maak dit noodsaaklik dat die aangeleentheid aandag by die skool moet geniet.

### 2.3.1.3 <u>MAATS</u>

Een van die faktore wat vakkeuse beïnvloed en wat deur baie leerlinge genoem word, is dat hulle vakke kies wat deur hulle beste vriende geneem word. Dikwels is dit die populêre kursusse wat gevolg word en waarin dit nie veel inspanning verg om redelik maklik punte te behaal nie.[3]

---

1. Cobb, R.A. & Cordozier, V.R. Op. cit., p.30.
2. Pheasant, J.H. Op. cit., p.325.
3. Yale, F.G. Op. cit., p.325.

Daar word in sekere mate druk op 'n leerling uitgeoefen om 'n vakkeuse te doen, aangesien hy aan die einde van standerd agt eenvoudig 'n keuse móót maak.[1] Sommige leerlinge is op daardie stadium moontlik nog nie bevoeg om 'n effektiewe keuse te doen nie en 'n maklike uitweg is dan om daardie keuse te doen wat deur sy maats aanbeveel word. Soms word ook sosiale druk uitgeoefen, aangesien die leerling nie uit pas met die stergroep wil wees nie. In genoemde gevalle kan die keuse moontlik tot groot nadeel van die kind self wees.[2]

2.3.2 DIE VAK EN KURRIKULUM AS INVLOEDSFAKTOR

Hieronder ressorteer die moeilikheidsgraad van 'n vak en kurrikulum, die belangstelling in en genot geput uit 'n vak, en vroeëre prestasie in die vak.

2.3.2.1 DIE MOEILIKHEIDSGRAAD VAN 'N VAK EN KURRIKULUM

Gedurende die jare na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n neiging om die standaard van skoolwerk in die V.S.A. te verhoog. Die grondliggende oorsake hiervoor was twyfel of die standaard van die destydse kurrikulum voldoende was met die oog op die wêreldwye ideologiese stryd, veral teen Rusland.[3] Verskeie opvoedkundiges het gepleit vir 'n kurrikulum wat meer intellektuele vakke insluit en met minder keusevakke. Hierdie standpunt is gehuldig omdat geglo is dat studente die maklike vakke kies as die keuse aan hulle oorgelaat word. Die natuurwetenskappe, Wiskunde en vreemde tale, wat oor die algemeen as die moeilike vakke beskou word, het dikwels minder aftrek gekry.[4]

In 'n ondersoek gelei deur Cobb in Maryland, is vasgestel dat die oorgrote meerderheid leerlinge die akademiese kursus as die moeilikste bestempel het. Hierop het

---

1. Vanaf 1973 aan die einde van st.7.
2. Givens, P.R. Op. cit., p.134.
3. Curtis, J.E. Intelligance and course choices. Clearing House, vol.37, 1962-1963, pp. 144-145.
4. Loc. cit.

gevolg, in dalende orde van moeilikheid, die handels-, die beroeps- en die algemene kursus. Hierdie rangorde het ook hoog gekorreleer met die aantal leerlinge wat die verskillende kursusse gevolg het - maar in omgekeerde orde.[1]

'n Verwante ondersoek deur Gale, aan 75 skole in 'n Suidwestelike staat van die V.S.A., het getoon dat Wiskunde en Natuurwetenskap feitlik sonder uitsondering as moeilike vakke beskou word en dat leerlinge bang is om die vakke aan te pak. Uit die verskeidenheid kursusse wat aan die betrokke sekondêre skole aangebied word, word Wiskunde, Chemie en Fisika, Algemene Wetenskap, Biologie, Engels en vreemde tale as moeilike vakke beskou en derhalwe minder gekies. „Possibly related to this is the reason that students tend to avoid the difficult subjects in order that they may get good marks with least effort."[2]

### 2.3.2.2 BELANGSTELLING IN DIE VAK EN DIE MATE WAT DIE VAK GENIET WORD

Dit is duidelik dat as leerlinge 'n vrye keuse sou hê, sonder inagneming van die vereistes vir toelating tot universiteite, hulle dáárdie vakke sou kies wat hulle die meeste geniet en waarin hulle die beste presteer. Dit is ongelukkig nie noodwendig die beste keuse vir latere akademiese studie nie, want „.... enjoyment of the subject and a candidat's expected performance in a subject bear little relationship to his actual relative ability in a subject."[3] 'n Leerling kan 'n vak geniet en tog nie in staat wees om daarin te presteer nie, want faktore soos die mate van werk verbonde aan die vak en sy sosiale verband met die res van die klas, bepaal die genot wat die leerling uit die vak put.[4] Ondersoek na die redes waarom leerlinge 'n sekere groep vakke

---

1. Cobb, R.A. & Cordozier, V.R. Op. cit., p.31.
2. Yale, F.G. Op. cit., p.107.
3. Wilkinson, W.T. An analysis of choice of subjects in the sixth form. Educational Review, 19(2), Feb. 1967, p.107.
4. Vergelyk paragraaf 3.4 respondent E.

gekies het, het blootgelê dat „.... interest or enjoyment were spread fairly uniformly over all subjects. Thus English literature or History might be chosen for its human appeal, Mathematics because of a preference for mental work relatively free from memory, and science because of enjoyment of practical work. Arts subjects were chosen for reasons of interest and enjoyment to a greater extent than for any other type of reason."[1]

F.W. Slee het ondersoek ingestel na die onderskeie beskouings van seuns en dogters ten opsigte van vakke aan die sekondêre skool. Hy het bevind dat 'n faktor, wat hy „the feminine image" noem, by dogters voorkom. Hierdie faktor word beskryf as „... apparently related to ambitions and pleasures which are regarded as typically feminine and with which it would seem that these girls tend to identify themselves."[2] Volgens hom is dogters veral geïnteresserd in Godsdiensonderrig, Geskiedenis, Huishoudkunde, Kuns, Musiek en Aardrykskunde. Hierteenoor hou seuns nie van hierdie vakke nie, maar stel hulle meer belang in natuurwetenskappe, Houtwerk en Tegniese Tekene. Hulle het oorwegend 'n teësin in abstrakte vakke en 'n afkeer in Musiek as vak.[3]

Verskeie studies het getoon dat belangstelling 'n lae korrelasie, indien enige, met skolastiese prestasie op die sekondêre skool toon.[4] Intellektuele vermoëns saam met belangstelling kan egter die skolastiese prestasie verbeter, want ondersoeke het onteenseglik getoon dat leerlinge wat belang gestel het in die vakke wat hulle gekies het, goed daarin presteer het as hulle intelligensie bo die gemiddelde was.[5]

---

1. Lewis, D.G. An investigation of the subject preferences of Grammar School pupils. Durham Research Review, 4(14), Sept. 1963, p.102.
2. Slee, F.W. The feminine image factor in girl's attitudes to school subjects. British Journal of Educational Pscychology, 38(2), Jun. 1968, p.212.
3. Ibid., pp. 213-214.
4. Barrilleaux, L.E. High school achievement as related to interest and I.Q. Educational and Psychological Measurement, 21(4), 1961, p.929.
5. Ibid., p.931.

### 2.3.2.3 VROEëRE PRESTASIE IN DIE VAK

Baie leerlinge baseer hulle vakkeuse eerder op 'n raming van hulle vermoë in die vak, wat weer gegrond word op uitslae van vorige eksamens. Hulle kies gewoonlik dié vakke waarin hulle hoë punte behaal het.[1] Hierdie uitgangspunt is nie altyd akkuraat nie, want die standaard van onderwysers kan verskil - en goeie prestasie hang dikwels ook af van benadering van en ontmoeting met 'n bepaalde onderwyser.

### 2.3.3 EIE KEUSE

Sekere psigoloë beweer dat as 'n klein kindjie in 'n kamer geplaas word met verskillende soorte voedsel rondom hom „... he will tend to consume those which are vital for the proper functioning of his body. They describe this as an innate biological drive. The analogy may be some what oblique, but we believe that a pupil, given a free choice, will tend to select those courses which will satisfy his intellectual drive."[2] Hierdie bewering word gestaaf deur statistieke. Oor die algemeen is gevind dat meer leerlinge met 'n hoë as met 'n lae IK. geneig is om kursusse te kies wat moeilik is in terme van abstrakthede. In ander ondersoeke is veranderlikes, behalwe intelligensie wat moontlik ook 'n rol by vakkeuse kan speel, betrek dog weereens is gevind dat meer leerlinge met 'n hoë IK. inskryf vir die moeiliker kursusse.[3] Keuses soos hierdie moet beskou word as eie keuse, gegrond op intuïtiewe aanvoeling deur die leerling. Talle ondersoekers soos Hays,[4] Cobb & Cordozier,[5] Wilkinson,[6] Barrilleaux,[7] Morell[8] en Kelly[9] het in hulle

---

1. Lewis, D.G. Op. cit., p.102.
2. Curtis, T.E. Intelligence and course choices. Clearing House, vol. 37, 1962-1963, p.144.
3. Ibid., p.145.
4. Hays, D.G. & Rothny, J.W.M. Op. cit., pp.29-30.
5. Cobb, R.A. & Cordozier, V.R. Op. cit., pp.30-32.
6. Wilkinson, W.T. Op. cit., pp.99-109.
7. Barrilleaux, L.E. Op. cit., pp. 929-931.
8. Morell, R.W. Op. cit., pp. 59-61.
9. Kelly, P.J. An investigation of the factors which influence Grammar School children to prefer scientific subjects. British Journal of Educational Psychology, 31(1), Feb. 1961, pp. 43-44.

ondersoeke gevind dat die grootste enkele faktor wat leerlinge in hulle vakkeuse beïnvloed het, in hulself te vinde was aangesien hulle beweer dat hulle self op 'n keuse van vakke of kursus besluit het, sonder dat iemand hulle raad gegee het. Elke individu het sy eie sin vir waardes, wat hy kry uit sy ervaring en belewenis van sy omgewing en dit verskil van dié van elke ander individu. Dit is dan ook logies dat as die individu voor keuses te staan kom, sy sin vir waardes hom sal beïnvloed om 'n keuse te maak wat daarby sal pas.[1]

### 2.3.4 TOEKOMSPLANNE

Heelwat leerlinge kies 'n sekere vak op skool omdat dit bydra tot toerusting vir 'n toekomstige beroep. Hulle beskou sodanige vakke as 'n voorbereiding vir die beroep. Veral Wiskunde, natuurwetenskap en in 'n mindere mate, moderne tale word dikwels gekies met die oog op verdere studie.[2] Bogemelde bevinding word gestaaf deur ondersoeke uitgevoer deur Slee[3], Kelly,[4] Cobb[5] en Hays.[6] Dit skyn derhalwe asof die toekomsplanne van leerlinge 'n belangrike rol speel in die keuse van vakke aan die sekondêre skool.

### 2.3.5 GEVOLGTREKKING

Uit die bestaande literatuur blyk dit duidelik dat in die algemeen aanvaar word dat die belangrikste invloed wat uitgeoefen word op leerlinge, by die doen van 'n vakkeuse, die onderwyser is. Die moeilikheidsgraad van die vak of kursus speel waarskynlik ook 'n belangrike rol en gewoonlik word die vak of kursus wat deurgaan as die maklike gekies. Baie leerlinge maak ook daarop aanspraak dat die vakkeuse

---

1. Morell, R.W. Op. cit., p.60.
2. Lewis, D.G. Op. cit., p.102.
3. Slee, F.W. Op. cit., pp. 212-213.
4. Kelly, P.J. Op. cit., pp. 43-44.
5. Cobb, R.A. & Cordozier, V.R. Op. cit., pp. 30-32.
6. Hays, D.G. & Rothney, J.W.M. Op. cit., pp. 29-30.

hulle eie keuse verteenwoordig. Dit wil voorkom asof die ouers en veral die moeder, die opvoedkundige en sosio-ekonomiese vlak van die ouers en maats ook 'n invloed uitoefen, maar nie soveel as die onderwyser nie. Die vraag is nou: in hoeverre geld bogenoemde bevindings vir die bepaalde skool waar die onderhewige ondersoek uitgevoer word?

## 2.4 SAMEVATTING

Uit voorgaande blyk dit dat die belangrikste taak van die hedendaagse sekondêre skool is om te sorg vir die oordrag van kultuur, waarvan kennis 'n belangrike aspek is. Gepaardgaande hiermee is 'n ewe belangrike taak van die sekondêre skool beroeps- en vakoriëntering, waarmee bedoel word dat aan die leerlinge leiding gegee moet word ten opsigte van vak- en beroepskeuse.

Die kanaal waarlangs die sekondêre skool sy taak uitvoer is die kurrikulum. Na die Industriële Revolusie van die 19e eeu het die kurrikulum 'n gedaanteverwisseling ondergaan en natuurwetenskaplike vakke het baie sterk na vore getree. Die verandering van die kurrikulum gedurende die laaste vier dekades was besonder omvangryk en ingrypend. Die natuurwetenskappe, tegniese- en handelsvakke, sowel as moderne tale geniet tans 'n belangrike plek in die kurrikulum. Hierdie omvangryke kurrikulum, die diversiteit van samelewingsvereistes en die uiteenlopendheid van individuele verskille van sekondêre skool-leerlinge het gedifferensieerde onderwys noodsaaklik gemaak. Verskillende tegnieke van gedifferensieerde onderwys is in werking gestel om in hierdie behoeftes te voorsien.

Die aantal vakke van die moderne kurrikulum noodsaak vakkeuse. Die leerling moet dus voorligting ontvang aangaande die doen van 'n effektiewe vakkeuse. Vervolgens word die metode bespreek wat in hierdie ondersoek gevolg gaan word om die faktore te bepaal wat vakkeuse aan 'n spesifieke skool beïnvloed.